


DONKERLIG
DARKLIGHT

## WOLWEDANS

Sonder my gesig sal jy my uitken?
Onder die lig probeer jy my vaspen.
Ek hoor uit die verte hoe jy "Wolf-Wolf" skree.
Ek kom om te help, word deur jou wolwe verskeur.

Wolwedans, daar waar die wolwedans, sal jy my liggaam kry.

Jy beloof my vrede as ek vir jou sal veg.
Jy beloof my lewe as ek vir jou sal sterf.
Gee my 'n kans om net eers te herstel.
Ek struikel rond tussen hemel en hel.

Wolwedans, daar waar die wolwedans.
Wolwedans, sien jy die wolwedans.
Wolwedans, saam met die wolwedans.
Wolwedans, daar waar die wolwedans,  sal jy my liggaam kry

Jy dink jy kry dit reg om my reg te kry, dink jy
als wat joune is, is als wat jy in die hande kry.

Wolwedans.

Kontak ons op **Facebook** of e-mail **jacblancband@gmail.com** of besoek **www.jacblanc.co.za** Kontak Darryl de Lange: **darryl@musicology.co.za**